**3 November** **Skrifgedeelte: Psalm 106:34-48**

## Hy vergewe altyd weer

Psalm 106 is een die sewe boetepsalms. Aan die hand daarvan word ons gelei tot belydenis van ons sonde en is dit 'n smeekbede om vergewing.

Volgens die Nuwe Testament moet Israel se lewensgang van val en opstaan, veral hulle woestynervaring, tot ons spreek. Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons en dat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie (1 Kor 10:6). Hierdie dinge oor hulle gekom as 'n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons (vs 11).

God was egter ook daar in die woestyn in sy genade by hulle. Paulus sê van die rots waaruit hulle in die woestyn gedrink het: "Die rots was Christus" (1 Kor 10:4). Psalm 106, wat een lang verhaal van Israel se sonde is, begin met die gedagte dat die Here goed is en dat daar geen einde aan sy liefde is nie (vs 1). Die Psalm sluit af met 'n verwysing na die verbondstrou van die Here: "Ter wille van hulle het Hy aan sy verbond gedink, en in sy groot liefde was Hy genadig" (vs 45).

Hierdie boetepsalm dra dus die boodskap van God se genade – van 'n "oorvloedige genade" (Rom 5:20). Dit lei ons vandag nog om ons sondes voor die Here te bely en om sy genade te pleit.

*Sing: Psalm 130:2* *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*